Die bank as 'n agent*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2 Graad 5

3 EK EN MY BANK

4 Module 7

5 DIE BANK AS 'N AGENT

Die bank as 'n agent tussen jou en jou kliënte/eisers (die mense vir wie jy moet betaal vir dienste en/of produkte):

'n Bank bied aan jou die geleentheid om op ander maniere as met behulp van kontant geld tussen twee persone/besighede te laat verwissel. Daar is verskeie maniere. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- Met behulp van 'n **bankstrokie** soos die een hieronder kan jy geld in jou kliënt se rekening deponeer. Indien jy dus jou kliënt se bankrekeningnommer ken, kan jy so 'n transaksie doen.

*Version 1.1: Jun 25, 2009 3:14 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

DEPOSIT SLIP/DEPOSITO-STROKIE

S A Bank

Date/Datum_____

Credit
Krediteer _____

Acc no/ Rek no

	R	C
Notes/Note		
Nickel/Nikkel		
Bronze/Brons		
MO/PO and/en PO		
Subtotal/Subtotaal		

Teller's date stamp and signature Kassier se datumstempel en handtekening	Drawer's name Trekker se naam	Bank			
	1				
	2				
	3				

Details of depositor/Besonderhede van deponeerder

Name(Print)
Naam(Drukskrif)

Signature
Handtekening Tel ( )

Total
Totaal R •

Dep reference
Dep verwysing

Figure 1

- Jy kan ook met behulp van 'n tjek wat aan jou tjekrekening gekoppel is, vir dienste of produkte betaal. Jy kan die tjek kontant uitskryf, óf jy kan die tjek in die naam van die ontvanger daarvan uitmaak. Gestel mnr. De Klerk koop nuwe motorbande by Y-Tyres vir R800. Die tjek wat hy daarvoor uitskryf, sal soos volg lyk:


S A Bank
Kaapstad
nie oordraagbaar
GOLD
GOUD
211-555
15-08-2004
Pay
Betaal
Y-Tyres
~~or Bearer~~
~~of Toonder~~
the sum of
die bedrag van
Agthonderd Rand Alleen
R 800,00
Groenstraat 5
Kaapstad
9887
HdeKlerk
H de Klerk
ID: 5555555555555

Figure 2

Gesels 'n bietjie met jou opvoeder en ouers oor wat dit beteken om 'n tjek te kruis . Waarom is dit so belangrik om tjeks te kruis?

Gebruik nou die blanko-tjeks om die volgende verskaffers te betaal vir produkte/dienste gelewer:

- Ster-Supermark vir kruideniersware ter waarde van R245,69;
- Laerskool Primapark vir skoolfonds - R375.


S A Bank
Cape Town
GOLD
GOUD
211-555
20
Pay
Betaal
or Bearer
of Toonder
the sum of
die bedrag van
R
Groenstraat 5
Kaapstad
99 9887
H de Klerk
ID: 5555555555555

Figure 3

[LU 3.3]


S A Bank
Cape Town

GOLD
GOUD

211-555

_____20____

Pay
Betaal

or Bearer
of Toonder

the sum of
die bedrag van

R

Groenstraat 5
Kaapstad
99 9887

H de Klerk
ID: 5555555555555

Figure 4

1. Ons kry ook bankkaarte/kredietkaarte waarmee ons fondse van een persoon/besigheid na 'n ander kan verskuif.

Figure 5

Die eiser/diensverskaffer het dan 'n spesiale masjien wat die banknommer op die magnetiese band op die kaart lees en die transaksie dan so registreer. Die persoon wat betaal se saldo (bedrag) in sy rekening verminder dan outomaties met die bedrag van die transaksie, terwyl die persoon wat die diens/produk gelewer het se saldo met dieselfde bedrag vermeerder.

Voorbeeld: Gestel jy het R500 in jou rekening en jy koop produkte ter waarde van R120 met jou kredietkaart. Die volgende berekening sal gedoen word om vir jou 'n nuwe saldo/balans te gee:

R500 - R120 = R380

6 Assessering

LU 3

Bestuurs-, Verbruikers- en Finansiële Kennis en Vaardighede

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

Ons weet dit as die leerder die volgende doen :

3.3 vind uit en bespreek hoe ‘n spaarrekening by ‘n bank oopgemaak word en vul ‘n deposito- en onttrekkingstrokie in;

3.4 bespreek die waarde daarvan om geld te spaar en spaarsaam te wees, en waarom mense in wie se basiese behoeftes nie voorsien word nie, dit moeilik vind om te spaar.

7 Memorandum

Veiligheid!

Vul tjeks in met behulp van vorige voorbeelde in module.